

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

ds. PJ Kriel Paassondag Preekreeks oor bedoelings en deugdes 03 01.04.2018

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus waarlik as mens uit die dood opgestaan het om weer Homself te wees, net soos Hy was voor Hy aan die kruis gesterf het. Hy is na sy dood tot vandag toe nog 'n mens van vleis en bloed in die hemel en God met ons. Hy word nie soos alle wêreldse geestelikhede dit wil hê, in ons harte, gees of aanbidding opgewek, herleef of lewend gemaak nie. Omdat Christus Homself is, gee Hy vir ons die Gees wat ons tot sy kinders maak. Christus maak ons nie God se goeie werkers nie. Kinders van God hou hulle besig met wie Christus is en hoe hulle ingesluit is by Christus se menswees. Hulle laat hulle lei en beheers deur wie God hulle as sy kinders maak. Wêreldse geestelikes wil met God se goddelike krag besig wees. Christus het God se wet wat vir geestelikes 'n arbeidswet is, 'n kindernet gemaak. Daarom leef hulle as kinders van God met God se kindernet. Dit is die nuwe lewe wat die Here in ons opwek.

Liturgie 1. Lied 409: 1, 2, 3. 2. Lied 417: 1, 2.

Skriflesing Lukas 24: 36 – 48. Romeine 8: 1 – 17

Teks Romeine 8: 15 “Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader.”

Tema Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek.

Christus het op Paassondagoggend uit die dood opgestaan om self weer as mens lewend te wees tot vandag toe. Christus se opstanding was nie 'n geestelike ervaring van die dissipels gewees nie waarin:

- Jesus in hulle sou opgestaan het nie,
- Jesus in hulle hart en gees lewend sou geword het nie
- of Jesus in hulle aanbidding opgewek is nie.

Die verskyning van Christus op Paassondagaand was vir hulle 'n skrikwekkende, angsvolle skok gewees, nie 'n wonderlike geestelike ervaring gewees nie: “Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sine 'n gees.” Luk. 24: 37

2. Maar Christus was Sondagoggend ná sy opstanding uit die dood, nie 'n gees, dit is, 'n spook gewees nie. Hy is mens van vleis en bloed: “Hy het toe vir hulle gesê: “Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte op? Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien ek het nie.” Luk. 24: 38,39.

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

Net soos die verskyning van 'n geliefde by wie se graf ons Vrydag gestaan het en dan Sondagaand weer by ons sou wees en vir ons sou sê: "Vrede vir julle.", ons totaal verskrik sal maak, was hulle verskrik. Hulle het gedink hulle sien 'n spook.

Daarom kondig die Here vir hulle aan dat Hy nie na sy opstanding uit die dood 'n gees is nie, maar die mens van vleis en bloed, liggaam en siel, wat Hy voor sy dood op Vrydagmiddag nog was. Jesus is op Paassondagoggend nie die dissipels se geestelike opwekking, herlewing of aandoening gewees nie. Hy was weer Homself gewees, mens van vleis in bloed, en God self.

Dit is wie Jesus vandag nog steeds is: mens van vleis en bloed in die hemel en God, die Skepper, met ons!

3. Omdat Christus vandag Homself is, gee Hy aan ons die Gees wat ons opwek tot die nuwe lewe wat Hy vir ons geskep het deur sy lyding en opstanding.

In Lukas kondig die Here aan dat Hy aan sy kerk die gawe van die Heilige Gees gee. In Romeine 8 kondig Paulus aan wat beteken die gawe van die Heilige Gees wat die Here Jesus aan die kerk gegee het. In 8:2 stel hy dat dit die Heilige Gees is wat aan ons die lewe gee en in 8: 15 stel hy dat hierdie lewe is die lewe waar die Heilige Gees ons kinders van God maak en die gawe gee om as kinders van God te leef.

Christus leef vandag as mens om deur sy krag as God aan ons die gawe van die Heilige Gees te gee wat ons hierdie nuwe lewe gee en ons tot hierdie nuwe lewe opwek. In die Heidelbergse Kategismus word dit so gestel: Christus het weer as mens lewend na liggaam en siel uit die dood opgestaan om ons op te wek tot 'n nuwe lewe.

Christus staan self uit die dood uit op, word self weer Sondagoggend van Paasnaweek die lewende mens wat Hy voor sy dood op Vrydagmiddag was, om ons op te wek tot 'n nuwe lewe, of in Paulus se woorde, sodat die Gees in Christus ons kinders van God maak en die nuwe lewe om kinders van God te wees, gee.

Dit is nie Christus wat deur ons opgewek word, herleef word, lewend gemaak word as 'n goddelike gees in ons nie. Hy staan self as mens lewend op uit die dood, deur die krag van God wie Hy self is, om ons tot 'n nuwe lewe te wek.

4. Wat is hierdie nuwe lewe waartoe Christus ons opwek?

Paulus beskryf hierdie nuwe lewe in Romeine 8 as:

- a) 'n Lewe wat aan die eise van die wet voldoen;
- b) 'n Lewe waar ons besig is met die dinge van die Gees;
- c) 'n Lewe wat beheers word en deur die Gees gelei word;

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

- d) 'n Lewe waar die Gees ons verseker ons is kinders van God omdat Hy ons kinders van God maak, en Hy maak ons erfgename van die Abrahamsbelofte waarin God onderneem dat Hy ons God is en sal sorg dat ons sy kinders is.
- e) 'n Lewe waarin ons aan Christus behoort.

Dit is die lewe wat die Heilige Gees ons gee wat Christus met sy opstanding uit die dood aan die kerk gegee het.

Wat is die ou lewe waarvan die Here Jesus Christus ons losmaak?

Paulus beskryf hierdie ou lewe as:

- a) 'n Lewe wat beheers word deur en waarin ons ons deur ons sondige natuur laat lei.
- b) 'n Lewe wat besig is met die dinge van die ou natuur en
- c) 'n Lewe onder die wet van sonde en dood waar ons nooit aan die eise van die wet kan voldoen nie.

5. Die grootste fout wat ons met die verskil tussen die ou lewe en die nuwe lewe waartoe Christus ons opwek, maak, is die oortuiging dat die ou lewe is 'n sedelose, normlose en slegte lewe, en die nuwe lewe is 'n lewe van goeie daade, goeie waardes en goeie bedoelings.

Dit is gewoonlik die tipe godsdienstige praatjies en vertellings waarna ons in kerke moet luister. Mense vertel hoe hulle rondgeslaap het, gesuip het, alles en almal geminag het en dat hulle toe mense geword het wat goed leef.

Paulus gebruik hier in Romeine 8 wat hy aan die einde van sy bediening geskryf het, terwyl hy op pad na Jerusalem is waar hy gevange geneem sou word en word na Rome gebring sou word waar hy onthoof is, presies dieselfde voorbeeld wat hy in die boek Galasiërs in hoofstuk 4 gebruik, wat hy aan die begin van sy bediening, na die vergadering tussen die gemeentes Antiogië en Jerusalem geskryf het, om die verskil van hierdie ou lewe teenoor hierdie nuwe lewe waartoe die Here ons opwek te verduidelik – die verskil tussen kinders en slawe.

Dit is die werklike verskil tussen 'n lewe as kind van God onder die beheer van die Gees en 'n lewe buite Christus onder die beheer van die sondige natuur van die mens: dit is die verskil tussen die lewe van kinders en slawe.

Maar hier moet ons baie versigtig wees. Dit is nie die verskil tussen slegte slawe en goeie kinders nie. Die verskil tussen 'n lewe volgens die Gees en 'n lewe volgens die sondige natuur is die verskil tussen die lewe van goeie slawe en goeie kinders.

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

Christus gee ons in die plek van 'n lewe waarin ons God se goeie arbeiders, dit is werknemers is, 'n nuwe lewe waarin ons God se goeie kinders is.

6. Hoe is 'n arbeider 'n goeie arbeider?

'n Goeie arbeider is lojaal, hardwerkend, pligsgetrou en moet nie vir sy werkgever belas met sy persoonlike probleme nie. Hoe is 'n kind 'n ouer se goeie kind? Moet goeie kinders só wees: lojaal, hardwerkend, pligsgetrou en 'n kind moet nie vir sy ouer belas met sy persoonlike probleme nie? Nee! Ons verwag totaal iets anders van ons kinders as ons arbeiders. Hulle moet liefdevol en toegewyd wees, met al die probleme wat hulle as kinders het.

Hierdie liefdevolle toewyding is wat God se kinders tot God laat roep: Abba! Ons Vader! Ons Vader wat in die hemel is.

Dit is wat die opwekking tot 'n nuwe lewe deur Christus beteken!

In Christus verander die Heilige Gees van God se goeie werkers, na God se goeie kinders! In Christus verander die Heilige Gees ons van God se lojale, hardwerkende, pligsgetroue en probleemlose arbeiders, na God se liefdevolle toegewyde kinders.

In die brief Romeine wys Paulus dat die Jode met hulle Joodse geestelikheid, en daarom die hele mensdom met hulle tipiese menslike geestelikheid, is God se goeie werkers.

Paulus wys dit self uit in Romeine 10 vers 2 en 3 waar hy oor die Jode en hulle geestelikheid sê: "Ek kan inderdaad vir hulle getuig dat hulle God met ywer dien, maar sonder insig. Omdat hulle die geregtigheid wat van God af kom nie begryp nie en probeer om hulle eie geregtigheid tot stand te bring, het hulle hulle nie onderwerp aan die geregtigheid wat van God af kom nie."

So is hulle God se arbeiders, harde werkers vol ywer vir God, om hulle vir God met hul pligsgetrouheid en hardwerkendheid aanvaarbaar te maak soos arbeiders hulle self probeer aanvaarbaar maak.

Maar Christene is God se kinders!

7. Dit is die verskil van die nuwe lewe om deur die Gees beheers, gelei, en met die dinge van die Gees besig te wees, teenoor die ou lewe om deur jou sondige natuur beheers en gelei te word en met die dinge van die sondige natuur besig te wees.

Dit is die verskil hoe om God se goeie kind te wees teenoor hoe om God se goeie arbeider te wees.

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

Dit gaan oor lewensverandering en lewensaanpassing. Christus het ons werklik kinders van God gemaak. Dit is die lewensverandering wat Hy maak. Hy maak ons kinders van God en ons is dit ook. Die groot lewensaanpassing wat ons moet maak omdat Hy ons kinders van God gemaak het, is om besig te wees met die dinge waarmee die kinders van God besig is, hulle mee laat beheers en laat lei.

Ons het in Vrydag se preek gesien hoe God sy arbeiders sy kinders maak. Die Heilige Gees sluit is in die lyding en heerlijkheid van Christus as mens in. Rom.8: 17 b. Daarom word ons "in Christus" kinders van God gemaak. Die Heilige Gees sluit ons in en laat ons deel is alles wat die Here as mens was en vandag vir ons is. Hy maak ons kinders wat die volle Abrahamsonderneming van God erf omdat ons kinders is: God onderneem om vir ons God te wees soos Hy God is en God onderneem om ons sy kinders te laat wees, soos Hy wil hê ons sy kinders moet wees.

Hierdie is die lewensverandering om deur God self van 'n arbeider na 'n kind van God verander te word, omdat Hy ons as kinders aanneem in ons eenheid met Christus Rom. 8:1.

God maak van lojale, pligsgetroue, hardwerkende dienaars sonder enige probleme vir God sy liefdevolle en toegewyde kinders met al hulle probleme. Liefdevol omdat Hy ons met sy liefde vervul, en toegewyd in liefde aan Hom omdat Hy ons liefde vir Hom goed en reg laat wees. Dit is wat dit beteken dat God ons regverdig maak: Hy maak ons reg vir sy liefde en ons liefde vir Hom reg deur ons in te sluit in wie die Here as mens in die hemel vir ons in ons plek vir Hom is.

8. Hierdie lewensverandering vra van ons 'n nuwe lewensaanpassing!

Die lewensaanpassing is dat ons nie meer besig mag wees waarmee God se arbeiders besig is nie, ons nie meer mag lei deur dit wat God se arbeiders mee gelei word nie en ons nie meer mag laat beheers deur dit wat God se arbeiders mee beheers word nie.

Dit is tog wat 'n man wat 'n werknemer as sy kind aangeneem het van sy kind verwag. Hy mag nie meer dink, voel, en leef soos 'n arbeider nie, hy moet nou dink, voel en leef as kind!

Kinders van God vind en glo hulle aanneming in Christus.

Hulle glo dat Christus hulle werklik deur die Heilige Gees ingesluit het om alles wat Hy as mens op aarde en vandag in die hemel is met hulle te deel: hulle glo hulle deel in die lyding en verheerliking van Christus, net omdat hulle Syne met Hom deel, nie omdat hulle self ly of self verheerlik kan word nie.

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

Hulle glo dat Christus hulle so insluit in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding dat hulle nes Christus vir God regverdig en heilig is.

Kinders van God laat hulle deur hierdie Heilige Gees beheers. Dit beteken dat hulle hulle self aanvaar as vir God die Vader onskuldig, sonder enige veroordeling, sonder enige vervloeking, sonder enige moontlikheid van verwerping omdat hulle in Christus is. Hulle laat hulle nie deur hulle skuld, oordeel, vervloeking en verwerping beheers nie, maar deur alles wat Christus hulle vir die Vader laat wees as sy kinders.

Kinders van God laat hulle lei deur die Heilige Gees. Dit beteken hulle aanvaar en leef as kinders van God wat God liefhet, voor goed is, genadig is, mee lankmoedig is en barmhartig is vir al die sondes en probleme waarmee hulle sukkel. God lei hulle as Goeie Herder deur sy goedheid, liefde, genade en barmhartigheid en hulle volg Hom hierin.

9. Wie nie hierdie lewensaanpassing maak om hulle kindskap van God te aanvaar en God daarvoor te vertrou nie, laat hulle deur hulle sondige natuur beheers. Hulle laat hulle beheers, lei en hou hulle met die dinge van die sondige natuur besig.

Wat is dit?

Dit is die dinge waarmee God se werkers hulle besig hou: die vrees vir sy oordeel, sy straf, sy vervloeking, en sy verwerping. Dit is waarmee hulle in hulle gebede en lewe met God mee besig is. Hulle hoor nie die vertroosting dat hulle God nie meer só mag vrees nie. Rom.8: 15. Die dinge van die sondige natuur waarmee hulle hulle self besig hou in hulle gebede en lewe met God is hulle skuld, hulle sonde, hulle onregverdigheid en hulle onheiligheid.

Hulle hou hulle besig met dinge waardeur hulle God se guns wil wen, sy goedheid wil verdien, sy genade wil afpleit, sy barmhartigheid kan waardig wees.

Dit is met hierdie selfde dinge wat hulle hul in hul werk en plig vir God laat lei en laat beheers: Hy is toornig, woedend en wrewelrig en hulle is skuldig, strafbaar, nie goed genoeg en verkeerd.

Die wentelpunt wat die verskil uitwys of Christene hulle nuwe lewe as kinders van God glo en daarby aanpas, of nie glo en met die ou arbeidersmentaliteit en gees leef is Romeine 8 vers 4: "Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen!"

Mense wat glo hulle is God se goeie werkers verstaan hierdie vers totaal anders as hulle wat glo hulle is God se goeie kinders. Daarom moet ons onself eie geloof in ons kindskap van God toets aan hierdie verklaring van Paulus oor kinders van God: "Nou na ons aan die eise van die wet voldoen!"

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

10. Mense met 'n werkersgeestelikheid hoor hierdie verklaring van Paulus altyd op die volgende wyse:

- Nou kan ons die reëls van die wet nakom
- Nou kan ons nie meer die reëls van die wet oortree nie.
- Nou kan ek my plig doen soos my plig gedoen moet word
- Nou kan ek hard genoeg werk en nie meer moeilikheid vir God maak nie.

Want vir hulle is die eis van die wet altyd plig en reël.

Wie met so werkersmentaliteit leef, hoor dan die woorde “beheers deur die Gees, “besig met die dinge van die Gees”, en “gelei deur die Gees altyd” soos werkers van God. Hulle hoor dat God hulle goddelike krag gee om goeie arbeiders te wees wat hulle werk self reg kan doen.

Dit is net soos met arbeiders op 'n plaas!

Wanneer die boer hulle aanspreek omdat hulle nie die werk om die gras met die kapmes af te kap, reg doen nie, dan sê hulle hulle probleem is dat die kapmes nie reg is nie. Hulle soek meer krag. Hulle soek daardie petrol grassnyers, dan sal hulle beter werk. Wanneer hulle daardie grassnyers kry en die boer wys hulle hulle werk nie reg nie, dan sê hulle maar hy moet vir hulle 'n trekker met 'n grassnyer gee, want met daardie nuwe kragtige trekker sal hulle die werk reg doen! Arbeiders wil maak altyd of hulle met meer krag, beter sal werk. Net so eis hulle dat die bakkie, met 'n trekker en sleepwa vervang word en dan dat die trekker en sleepwa met 'n vragmotor vervang sal word. Dan sal hulle reg werk!

Die geestelikheid wat glo dat hulle Jesus in hulle lewe moet lewend maak, opwek en laat opstaan, is altyd met hierdie werkersmentaliteit besig. Hulle verwag God moet al groter en meer van sy goddelike krag vir hulle gee, dan sal hulle God reg kan dien. Daarom hoor en glo hulle die “dinge van die “Gees” en “die beheersing” en “leiding van die Gees”, is om al meer goddelike krag te kry van die Jesus wat hulle in hulle self opgewek, laat herleef en lewendig gemaak het.

Goddelike krag bemagtig God se goeie werkers om sy reëls te kan onderhou en hul plig te kan doen!

11. Wat hulle nooit kan hoor nie is dat God sy arbeidswette na kinderswette verander het in hierdie verklaring: “Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.” Rom.8:2

Wanneer is hierdie “nou” in die sin, “Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen”? Hoekom is nou in hierdie sin, nou! Nou dat wat gebeur het?

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

Die “nou” is nie nou dat ek Jesus self in my opgewek, laat herleef het en lewend in my gees gemaak het nie! Christus het self opgestaan, ons laat Hom nie opstaan uit die dood nie. Die “nou” is nie nou dat ek al meer goddelike kragte kry en my self al meer met goddelike kragte besig hou nie.

Die “nou” is nou dat ek 'n kind van God is!

Nou dat die Heilige Gees my kind van God gemaak het! En binne die erflating van God wys die Here vir ons dat Hy ons as verbondskinders al van ons geboorte af sy kinders gemaak het, erfename saam met Christus. Rom. 8: 17.

Daarom is die “nou” altyd nou dat die Here ons ingesluit het in wie Hy is, die mens wat uit die dood uit opgestaan het en vandag as mens leef in die hemel. Omdat en noudat ons kinders van God is, kan ons aan die eis van die wet voldoen.

12. Want wat is die eis van die wet?

Die eis van die wet is nie dat ons die reëls stiptelik moet nakom en pligsgetrou en hardwerkend moet wees nie. Dit is hoe arbeidswetgewing werk. Die eis van die wet van God ons Vader is om in God se liefde te leef, liefdevol te wees, vervul te wees met die liefde van God as Vader vir my. Die eis van die wet van God ons Vader is om in liefde aan God ons Vader toegewy te wees met alles waarmee ons God as sy kinders belas. Dit is hoe sy kinderswet werk.

Ons God se wet so gehoorsaam, omdat Hy ons sy kinders gemaak het, en omdat Hy ons sy kinders gemaak het, luister ons in die geloof in sy liefde as ons Vader en in die geloof dat Hy ons liefde as sy kinders vir Hom reg laat wees, na God se kinderswet!

Want vir sy kinders het God die Tien Gebooe as arbeiderswet na die Tien Gebooe as sy kinderswet verander. U ken dit mos in u eie wêreld. U wil en wet vir u werknemers werk mos totaal anders as u wil en wet vir u kinders. God het ons sy kinders gemaak. So wek Hy ons op tot die nuwe lewe van kinders wat God liefhet en na sy wet as hul Vader se kinderswet luister: die wet wat ons in Christus met God in liefde laat wandel.

13. Christus is werklik uit die dood uit opgewek deur die krag van sy eie godheid. Deur ons in te sluit en te laat deel in wie Hy as mens vir ons is, is ons kinders van God. Daarom wek die Here deur sy Gees ons altyd om ons deur die Gees te laat heers, te laat lei en besig te laat hou met Christus en ons eenheid met Christus.

Die nuwe lewe is nie die lewe waarin ons die Here in ons lewe moet opwek, laat herleef en lewendig maak sodat ons met sy goddelike krag en goddelike dinge ons self vir Hom sy meer kragtige werkers kan maak nie.

Jesus het uit die dood uit opgestaan om ons tot 'n nuwe lewe op te wek

Hy het ons aangeneem om aan die eis om God van God te wees te voldoen, om te leef in die geloof van sy liefde as ons Vader en te leef in die geloof dat Hy ons liefde vir Hom reg laat wees, ons regverdig maak!

Omdat ons tot God roep, Abba, Vader, is ons opgewek om ons die nuwe lewe as sy goeie kinders te leef en nie meer sy kragtige arbeiders te leef nie.